- allergiese reaksie. Simptome kan insluit veluitslag en swelling van die vel, gesig of mond
- verergering of opvlamming van u psoriase nadat die behandeling gestaak is
- 'n styging in kalsiumvlakke in die bloed
- velirritasie wat jeukerigheid, pyn, branderigheid en brandprikkels en/of rooiheid van die vel kan insluit
- rooiheid, pyn of swelling van die haarwortels van die vel (follikulitis)
- bakteriële of swaminfeksie van haarfollikel (furunkel)
- verlies van velkleur (depigmentasie).

- pustulêre psoriase kan voorkom ('n rooi area met gelerige puisies gewoonlik op die hande of voete).
- Infeksie van die vel
- verdunning van die vel
- uitslag met inflammasie van die vel (dermatitis)
- rooiheid van die vel as gevolg van die verwyding van die klein bloedvate (eriteem)
- verskyning van rooi of pers verkleuring op die vel (purpura of ekimose)
- velpyn of irritasie
- rekmerke
- sensitiwiteit van die vel vir lig wat lei tot 'n uitslag
- aknee (puisies)
- droë vel
- verlies aan proteïene in die liggaam, wat spiere swakker kan maak
- oormatige gesig- of borshaargroei by vroue (Hirsutisme)
- u bynierkliere mag dalk ophou om behoorlik te werk. Tekens is moegheid, depressie en angs (Cushing se sindroom)
- lae kalium in die bloed (Hipokalemiese sindroom)
- gevoelloosheid in vingers
- hoë bloeddruk
- maagseer
- veranderinge in velkleur in die area waar u die medisyne gebruik het

Frekwensie nie bekend nie (frekwensie kan nie uit die beskikbare data geskat word nie)

- vae visie
- katarakte (tekens is troebel en mistige sig, sukkel om snags te sien en ligsensitiwiteit) of 'n toename in druk binne die oog (tekens is oogpyn, rooi oog, verminderde of troebel sig)
- rooiheid van die vel waar die produk aangebring word
- veranderinge in haarkleur

ENSTILAR bevat betametasoon ('n sterk steroïed) en kalsipotriol. U mag dus die volgende newe-effekte ervaar. Hierdie newe-effekte is meer geneig om te gebeur indien ENSTILAR vir 'n lang tyd gebruik word, indien dit onder verbande of in velvoue (bv. lies, oksels of onder borste) gebruik word, of indien dit op groot velareas gebruik word:

- allergiese reaksies met swelling van die gesig of ander dele van die liggaam soos die hande of voete. Swelling van die mond/keel en asemhalingsprobleme kan ook voorkom
- kalsiumvlakke in u bloed of urien kan so baie styg dat u simptome kry. Tekens is gereelde urinering, hardlywigheid, spierswakheid en verwarring. Wanneer die behandeling gestaak word, keer die kalsiumvlakke terug na normaal
- u bynierkliere mag dalk ophou om behoorlik te werk. Tekens is moegheid, depressie, angs
- dowwe sig, sukkel om snags te sien, sensitiwiteit vir lig (dit kan 'n teken van katarakte wees)
- oogpyn, rooi oog, verminderde of vae sig (dit kan 'n teken wees van verhoogde druk binne die oog)
- infeksies (omdat u immuunstelsel verswak is)
- pustulêre psoriase ('n rooi area van psoriase met gelerige puisies
- u kan skommelinge in bloedsuikervlakke ervaar.

Indien u enige van bogenoemde newe-effekte ervaar, moet u u dokter onmiddellik kontak.

Minder ernstige newe-effekte wat bekend is om deur kalsipotriol of betametasoon veroorsaak te word, sluit die volgende in:

- verdunning word van die vel
- rekmerke
- bloedvate onder u vel kan meer sigbaar word
- veranderinge in haargroei
- rooi uitslag rondom die mond (periorale dermatitis)
- verergering van u psoriase
- sensitiwiteit van die vel vir lig wat lei tot 'n uitslag
- jeukerige veluitslag (ekseem)

- wit of grys hare kan tydelik na 'n gelerige kleur verander by die aanwendingsplek wanneer dit op die kopvel gebruik word.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie biljet genoem word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u newe-effekte ervaar, raadleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die Med Safety Toep (Medsafety X SAHPRA) en die eAanmeldingsplatform (who-umc.org) wat op die SAHPRA se webwerf gevind kan word. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van ENSTILAR te verskaf.

Daarbenewens kan vermoedelike nadelige reaksies by die Houer van Sertifikaat van Registrasie via Adcock.AEReports@adcock.com aangemeld word.

5. Hoe om ENSTILAR te bêre

Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.

Versigtig: Uiters vlambare spuitmiddel. Houer onder druk: Kan bars indien dit verhit word. Beskerm teen sonlig. Moet nie aan temperature bo 50 °C blootstel nie. Moenie deurboor of brand nie, selfs nie na gebruik nie. Moenie op 'n oop vlam of ander verbrandingsbron spuit nie. Hou weg van vonke, oop vlamme en ander verbrandingsbronne. Moenie naby die blikkie rook nie.

Moet hierdie medisyne nie ná die vervaldatum, wat op die boksie en blikkie aangedui word, gebruik nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van daardie maand.

Bêre dit teen of benede 30 °C.

Die blikkie moet 6 maande na dit die eerste keer oppgemaak is, weggegooi word.

Neem alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat ENSTILAR bevat:

Die aktiewe bestanddele is kalsipotriol en betametasoon.

Een gram kutaneuse skuim bevat 50 mikrogram kalsipotriol (as monohidraat) en 0,5 mg betametasoon (as dipropionaat).

Die ander bestanddele is:

Vloeibare paraffien

Polioksipropileenstеariel-eter

All-rac-α-tokoferol

Wit sagte paraffien

Butielhidroksittolueen (E321)

Butaan

Dimetieleter

Hoe ENSTILAR lyk en inhoud van die verpakking

ENSTILAR is 'n kutaneuse skuim.

Na dit gespuit word, word 'n wit tot naaswit skuim gevorm. Die skuim het die voorkoms van 'n nie-uitbreidende skuim wat geleidelik inmekaar stort nadat dit gespuit is.



Aluminium blik met 'n poliamied-imied binnelak, toegerus met 'n deurlopende klep en spuitklep.

Die blikkie bevat 60 g skuim, sonder om die hoeveelheid dryfmiddels in te sluit.

Verpakkinggroottes: 60 g, 2 x 60 g.

Nie alle verpakkinggroottes word bemark nie.

Houer van Sertifikaat van Registrasie

Adcock Ingram Limited

New Road 1

Erand Gardens

Midrand 1685

Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie biljet is mees onlangs hersien op

07 Oktober 2025

Registrasienommer

58/13.8.1/0038

PASIËNT INLIGTINGSBILJET

SKEDULERINGSTATUS: **S4**

ENSTILAR® CUTANEOUS FOAM, 50 mikrogram/0,5 mg/g

Kalsipotriol/betametasoon

Lees hierdie hele biljet sorgvuldig deur voordat u ENSTILAR begin gebruik

- Hou hierdie biljet. U mag dit dalk weer moet lees.
- Indien u verdere vrae het, raadpleeg asseblief u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer.
- ENSTILAR is aan u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medikasie met ander mense deel nie. Dit kan hulle benadeel, selfs al ervaar hul dieselfde simptome as u.

Wat is in hierdie biljet

1. Wat ENSTILAR is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u ENSTILAR gebruik
3. Hoe om ENSTILAR te gebruik
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om ENSTILAR te bêre
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

1. Wat ENSTILAR is en waarvoor dit gebruik word

ENSTILAR word op die vel gebruik om psoriasis vulgaris by volwassenes te behandel. Psoriase word veroorsaak deur u velselle wat te vinnig geproduseer word. Dit veroorsaak rooiheid, afskilfering en verdikking van u vel.

ENSTILAR bevat kalsipotriol en betametasoon. Kalsipotriol help om die tempo van velgroei van die vel weer normaal te maak en betametasoon help om die inflammasie te verminder.

2. Wat u moet weet voordat u ENSTILAR gebruik

Moet nie ENSTILAR gebruik nie

- indien u hipersensitief (allergies) is vir kalsipotriol, betametasoon of enige van die ander bestanddele van ENSTILAR (gelys in afdeling 6).
- indien u probleme met kalsiumvlakke in u bloed het (vra u dokter)
- indien u sekere tipes psoriase het, genaamd: eritrodermiese psoriase of pustelagtige psoriase (vra u dokter indien u onseker is).
- indien u niere of lewer nie behoorlik werk nie
- indien u swanger is.

Aangesien ENSTILAR 'n sterk steroïed bevat, MOENIE ENSTILAR gebruik op velareas wat deur die volgende geraak word nie:

- velinfeksies veroorsaak deur virusse (bv. koorsblare of waterpokkies)
- velinfeksies veroorsaak deur 'n swam (bv. atleetvoet en ringwurm)
- velinfeksies veroorsaak deur bakterieë
- velinfeksies veroorsaak deur parasiete (bv. brandsiekte)
- tuberkulose (TB)
- periorale dermatitis (rooi uitslag rondom die mond)
- dun vel, maklik beskadigde are, rekmerke
- ichtiose (droë vel met visagtige skubbe)
- aknee (puisies)
- rosacea (ernstige blos of rooiheid van die vel op die gesig)
- ulkusse en wonde.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Lig u dokter of gesondheidsorgverskaffer in voordat u ENSTILAR gebruik as:

- u diabetes mellitus (diabetes) het, aangesien u bloedsuikervlak deur die steroïed beïnvloed kan word
- u ander medisyne gebruik wat kortikosteroïede bevat, aangesien u newe-effekte kan kry
- u 'n sekere tipe psoriase genaamd guttaat-psoriase het.

Raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige tydens behandeling indien:

- u hierdie medisyne vir 'n lang tyd gebruik het en beplan om op te hou (aangesien daar 'n risiko is dat u psoriase erger kan word of 'opvlam' wanneer steroïede skielik gestaak word).
- u vel raak besmet, aangesien u dalk u behandeling moet stop
- die kalsiumvlak in u bloed verander (sien afdeling 4 vir verdere inligting)
- u ervaar versteurde visie of ander visuele versteurings.

Spesiale voorsorgmaatreëls:

- vermy gebruik onder verbande of pleisters, aangesien dit die absorpsie van die steroïed verhoog
- vermy gebruik op groot areas van beskadigde vel, op slymvliese of in velvoue (lies, oksels, onder borste), aangesien dit die absorpsie van die steroïed verhoog
- vermy gebruik op die gesig of op geslagsdele (geslagsorgane), aangesien hulle baie sensitief is vir steroïede.
- vermy te veel blootstelling aan natuurlike of kunsmatige lig.

Moenie naby die blikkie rook of daarmee naby oop vlamme gaan nie – daar is ‘n risiko van ernstige brandwonde. Materiaal (klere, beddegoed, verbande, ens.) wat met hierdie produk in aanraking was, brand makliker en is 'n ernstige brandgevaar. Om klere en beddegoed te was kan die opbou van produk verminder, maar dit nie heeltemal verwyder nie.

Kinders en adolessente

ENSTILAR word nie aanbeveel vir kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie.

Ander medisyne en ENSTILAR

Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medikasie neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u hierdie medisyne neem.

Moenie ENSTILAR gebruik indien u swanger is nie.

Indien u dokter ingestem het dat u kan borsvoed, wees versigtig en moenie ENSTILAR op die borsarea aanwend nie. Sien "Instruksie vir korrekte gebruik".

Bestuur en gebruik van masjinerie

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate ENSTILAR met die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan inmeng nie. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem totdat hulle daarvan bewus is nie. Hierdie medisyne behoort geen invloed op u vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik te hê nie.

ENSTILAR bevat butielhidroksitolueen (E321)

Dit kan plaaslike velreaksies veroorsaak (bv. kontakdermatitis), of irritasie aan die oë en slymvliese. Sien "Instruksie vir korrekte gebruik".

3. Hoe om ENSTILAR te gebruik

Moenie medikasie wat aan u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.

Gebruik altyd ENSTILAR presies soos u dokter of apteker u ingelig het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

ENSTILAR is vir kutaneuse gebruik (op die vel).

Lees die pasiëntinligting voor gebruik, selfs al het u ENSTILAR al voorheen gebruik.

ENSTILAR is ontwerp vir direkte aanwending (spuit-aan) op u vel wat deur psoriasis vulgaris geraak is.

Instruksie vir korrekte gebruik

Wanneer dit op die liggaam gebruik word

1. Skud die blikkie vir 'n paar sekondes voor gebruik.



2. Wend die skuim aan deur die blikkie ten minste 3 cm van die vel af te hou en direk op elke aangetaste area te spuit.



3. Die skuim kan gespuit word deur die blikkie in enige oriëntasie te hou, behalwe horisontaal.



4. Vryf die skuim sagkens in elke aangetaste velarea.



5. Nadat u die skuim aangewend het, sit die doppie terug op die blikkie om te voorkom dat u per ongeluk spuit wanneer dit nie gebruik word nie.
6. Was u hande goed nadat u ENSTILAR gebruik het (tensy u skuim gebruik om u hande te behandel). Dit sal voorkom dat die skuim per ongeluk na ander dele van u liggaam versprei (veral die gesig, mond en oë).

Om die optimale effek te bereik, word dit aanbeveel dat die liggaam nie onmiddellik na die aanwending van ENSTILAR gewas word nie.

Laat die skuim gedurende die nag, of gedurende die dag op die vel bly.

Wanneer dit op die kopvel gebruik word

1. Kam die hare om los skubbe te verwyder.
2. Skud die blikkie vir 'n paar sekondes voor gebruik



3. Hou die blikkie minstens 3 cm weg.

   Spuit direk in die palm van u hand.

   Die skuim kan gespuit word deur die blikkie in enige oriëntasie behalwe horisontaal vas te hou.



4. Skep die skuim op u vinger en smeer dit direk aan die getaste areas. Probeer om so min as moontlik in die hare te smeet aan om dit makliker te maak om uit te was. Vryf die skuim sagkens in die kopvel. Nadat u die skuim aangewend het, sit die doppie op die blikkie om te keer dat u per ongeluk spuit wanneer dit nie gebruik word nie.



5. Was u hande goed nadat u ENSTILAR gebruik het. Dit sal voorkom dat die skuim per ongeluk na ander dele van u liggaam versprei (veral die gesig, mond en oë). Om 'n optimale effek te bereik, word dit aanbeveel dat die hare nie onmiddellik na die aanwending van ENSTILAR gewas word nie. Laat die skuim op die kopvel bly gedurende die nag, of gedurende die dag.

Wanneer u u hare was, kan die volgende instruksies nuttig wees:

1. Smeer 'n ligte, nie-gemedikeerde sjampoe aan op **droë hare**, fokus op die areas waar die skuim aangebring was.

   Dit is makliker om ENSTILAR te verwyder wanneer sjampoe op droë hare aangewend word, aangesien water die reinigende effek van die sjampoe verdun.



2. Masseer die sjampoe in die droë hare/kopvel in.

   Laat die sjampoe vir 'n paar minute op die kopvel voordat u was.

3. Spoel deeglik af met water.
4. Herhaal met normale was indien nodig.

Verdere inligting vir korrekte gebruik:

- vermy die gebruik van meer as 15 gram per dag. Dit beteken dat een 60 g blikkie ENSTILAR vir ten minste 4 dae behoort te hou. 15 g word afgemeet indien u die spuitklep vir ongeveer 1 minuut heeltemal indruk. Om te spuit vir 2 sekondes verskaf ongeveer 0,5 g ENSTILAR. As ‘n riglyn moet 0,5 g skuim 'n area van die vel bedek wat ongeveer ooreenstem met die oppervlak van 'n volwasse hand.
- vermy gebruik op meer as 30 % van u liggaam
- gebruik dit slegs op u psoriase en moenie op vel sonder psoriase-letsels gebruik nie
- was of spoel goed indien u, per ongeluk, skuim in u oë, mond, geslagsorgane of borste aangebring het indien u borsvoed
- moet nie bekommerd wees indien skuim per ongeluk op normale vel naby u psoriase kom nie, maar vee dit af indien dit te ver versprei
- moet nie die behandelde velarea verbind, styf bedek of toedraai nie
- om 'n optimale effek te bereik, word dit aanbeveel om nie onmiddellik na die skuimaanwending 'n stort of bad te neem nie
- na die aanwending van die skuim, vermy kontak met tekstiele wat maklik deur vet (bv. sy) gevlek word.

Duur van behandeling

- Smeer die skuim een keer per dag aan. Dit mag geriefliker wees om die skuim in die aand te gebruik
- Die normale behandelingsperiode is 4 weke, maar u dokter kan 'n ander behandelingsperiode kies.

U dokter mag vir u aangesê word om ENSTILAR twee keer per week te gebruik sodra u psoriase opgeklaar het of amper verdwyn het. ENSTILAR moet twee keer per week op twee nie-opeenvolgende dae (bv. Woensdag en Saterdag) toegedien word op areas wat voorheen deur psoriase aangetas was. Tussen toedienings moet daar 2-3 dae verbygaan sonder behandeling met ENSTILAR. Indien simptome weer verskyn, moet u ENSTILAR een keer per dag gebruik soos hierbo uiteengesit en u dokter kontak om u behandeling te hersien.

U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met ENSTILAR gaan duur.

Indien u die indruk het dat die effek van ENSTILAR te sterk of te swak is, lig u dokter of apteker in.

Indien u vergeet om ENSTILAR te gebruik

Moenie 'n dubbele dosis gebruik om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

Indien u ophou om ENSTILAR te gebruik

Die gebruik van ENSTILAR moet gestaak word soos deur u dokter so aangedui. Dit mag nodig wees dat u hierdie medisyne geleidelik stop, veral indien u dit al lank gebruik.

4. Moontlike newe-effekte

ENSTILAR kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir ENSTILAR aangemeld is, word in hierdie biljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige ongunstige effekte ervaar terwyl u ENSTILAR gebruik, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Newe-effekte wat vir ENSTILAR waargeneem is:

Gereelde newe-effekte:

- jeukerigheid
- vel-afskilfering
- veluitslag
- brandende sensasie van die vel

Minder gereelde newe-effekte:

- allergiese reaksie. Simptome kan insluit veluitslag en swelling van die vel, gesig of mond
- verergering of opvlamming van u psoriase nadat die behandeling gestaak is
- 'n styging in kalsiumvlakke in die bloed
- velirritasie wat jeukerigheid, pyn, branderigheid en brandprikkels en/of rooiheid van die vel kan insluit
- rooiheid, pyn of swelling van die haarwortels van die vel (follikulitis)
- bakteriële of swaminfeksie van haarfollikel (furunkel)
- verlies van velkleur (depigmentasie).

- pustulêre psoriase kan voorkom ('n rooi area met gelerige puisies gewoonlik op die hande of voete).
- Infeksie van die vel
- verdunning van die vel
- uitslag met inflammasie van die vel (dermatitis)
- rooiheid van die vel as gevolg van die verwyding van die klein bloedvate (eriteem)
- verskyning van rooi of pers verkleuring op die vel (purpura of ekimose)
- velpyn of irritasie
- rekmerke
- sensitiwiteit van die vel vir lig wat lei tot 'n uitslag
- aknee (puisies)
- droë vel
- verlies aan proteïene in die liggaam, wat spiere swakker kan maak
- oormatige gesig- of borshaargroei by vroue (Hirsutisme)
- u bynierkliere mag dalk ophou om behoorlik te werk. Tekens is moegheid, depressie en angs (Cushing se sindroom)
- lae kalium in die bloed (Hipokalemiese sindroom)
- gevoelloosheid in vingers
- hoë bloeddruk
- maagseer
- veranderinge in velkleur in die area waar u die medisyne gebruik het

Frekwensie nie bekend nie (frekwensie kan nie uit die beskikbare data geskat word nie)

- vae visie
- katarakte (tekens is troebel en mistige sig, sukkel om snags te sien en ligsensitiwiteit) of 'n toename in druk binne die oog (tekens is oogpyn, rooi oog, verminderde of troebel sig)
- rooiheid van die vel waar die produk aangebring word
- veranderinge in haarkleur

ENSTILAR bevat betametasoon ('n sterk steroïed) en kalsipotriol. U mag dus die volgende newe-effekte ervaar. Hierdie newe-effekte is meer geneig om te gebeur indien ENSTILAR vir 'n lang tyd gebruik word, indien dit onder verbande of in velvoue (bv. lies, oksels of onder borste) gebruik word, of indien dit op groot velareas gebruik word:

- allergiese reaksies met swelling van die gesig of ander dele van die liggaam soos die hande of voete. Swelling van die mond/keel en asemhalingsprobleme kan ook voorkom
- kalsiumvlakke in u bloed of urien kan so baie styg dat u simptome kry. Tekens is gereelde urinering, hardlywigheid, spierswakheid en verwarring. Wanneer die behandeling gestaak word, keer die kalsiumvlakke terug na normaal
- u bynierkliere mag dalk ophou om behoorlik te werk. Tekens is moegheid, depressie, angs
- dowwe sig, sukkel om snags te sien, sensitiwiteit vir lig (dit kan 'n teken van katarakte wees)
- oogpyn, rooi oog, verminderde of vae sig (dit kan 'n teken wees van verhoogde druk binne die oog)
- infeksies (omdat u immuunstelsel verswak is)
- pustulêre psoriase ('n rooi area van psoriase met gelerige puisies
- u kan skommelinge in bloedsuikervlakke ervaar.

Indien u enige van bogenoemde newe-effekte ervaar, moet u u dokter onmiddellik kontak.

Minder ernstige newe-effekte wat bekend is om deur kalsipotriol of betametasoon veroorsaak te word, sluit die volgende in:

- verdunning word van die vel
- rekmerke
- bloedvate onder u vel kan meer sigbaar word
- veranderinge in haargroei
- rooi uitslag rondom die mond (periorale dermatitis)
- verergering van u psoriase
- sensitiwiteit van die vel vir lig wat lei tot 'n uitslag
- jeukerige veluitslag (ekseem)

- wit of grys hare kan tydelik na 'n gelerige kleur verander by die aanwendingsplek wanneer dit op die kopvel gebruik word.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie biljet genoem word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u newe-effekte ervaar, raadleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die Med Safety Toep (Medsafety X SAHPRA) en die eAanmeldingsplatform (who-umc.org) wat op die SAHPRA se webwerf gevind kan word. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van ENSTILAR te verskaf.

Daarbenewens kan vermoedelike nadelige reaksies by die Houer van Sertifikaat van Registrasie via Adcock.AEReports@adcock.com aangemeld word.

5. Hoe om ENSTILAR te bêre

Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.

Versigtig: Uiters vlambare spuitmiddel. Houer onder druk: Kan bars indien dit verhit word. Beskerm teen sonlig. Moet nie aan temperature bo 50 °C blootstel nie. Moenie deurboor of brand nie, selfs nie na gebruik nie. Moenie op 'n oop vlam of ander verbrandingsbron spuit nie. Hou weg van vonke, oop vlamme en ander verbrandingsbronne. Moenie naby die blikkie rook nie.

Moet hierdie medisyne nie ná die vervaldatum, wat op die boksie en blikkie aangedui word, gebruik nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van daardie maand.

Bêre dit teen of benede 30 °C.

Die blikkie moet 6 maande na dit die eerste keer oppgemaak is, weggegooi word.

Neem alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat ENSTILAR bevat:

Die aktiewe bestanddele is kalsipotriol en betametasoon.

Een gram kutaneuse skuim bevat 50 mikrogram kalsipotriol (as monohidraat) en 0,5 mg betametasoon (as dipropionaat).

Die ander bestanddele is:

Vloeibare paraffien

Polioksipropileenstеariel-eter

All-rac-α-tokoferol

Wit sagte paraffien

Butielhidroksittolueen (E321)

Butaan

Dimetieleter

Hoe ENSTILAR lyk en inhoud van die verpakking

ENSTILAR is 'n kutaneuse skuim.

Na dit gespuit word, word 'n wit tot naaswit skuim gevorm. Die skuim het die voorkoms van 'n nie-uitbreidende skuim wat geleidelik inmekaar stort nadat dit gespuit is.



Aluminium blik met 'n poliamied-imied binnelak, toegerus met 'n deurlopende klep en spuitklep.

Die blikkie bevat 60 g skuim, sonder om die hoeveelheid dryfmiddels in te sluit.

Verpakkinggroottes: 60 g, 2 x 60 g.

Nie alle verpakkinggroottes word bemark nie.

Houer van Sertifikaat van Registrasie

Adcock Ingram Limited

New Road 1

Erand Gardens

Midrand 1685

Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie biljet is mees onlangs hersien op

07 Oktober 2025

Registrasienommer

58/13.8.1/0038

adcock ingram

072783-4 12/2025